RELIGIESTUDIES VRAESTEL 1 NOVEMBER 2009

Vraag 1

Hierdie vraag is goed beantwoord. Daar word aanbeveel dat onderwysers alternatiewe benaminge vir Boeddhistiese vertakkinge aan kandidate voorhou om spelprobleme uit te skakel.

Vraag 2

2.1 Konsepte is goed beantwoord. 'n Eenvormige definisie behoort aan alle onderwysers beskikbaar gestel te word.
2.2 en 2.3 Die meeste kandidate het goeie punte in hierdie vraag behaal. Meer punte kan vir hierdie vraag toegeken word.

Vraag 3

3.1 Begrippe is goed beantwoord.
3.2.1 en 3.2.2 Die meeste kandidate het nie oor die vermoë beskik om eie standpunte te stel nie. Toepassing daarvan op vandag se omstandighede is nie goed gehanteer nie.
3.3 Die sekulêre wêreldbeskouing is swak beantwoord. Die meeste kandidate het verkies om oor ateïsme te skryf.
3.4 Die vraag is goed beantwoord.

Vraag 4

4.1 Konflik - godsdiens en die media: Kandidate kon nie relevante voorbeelde voorsien nie.
4.2 Menseregte – vryheid van uitdrukking: Die meeste kandidate het 'n wanbegrip van vryheid van uitdrukking getoon en kon nie godsdiens met vryheid van uitdrukking in verband bring nie.
4.3 Menseregte in twee godsdienste: Kandidate het geweet wat menseregte was maar kon dit nie aan spesifieke godsdienste koppel nie.
4.4 Die vraag oor enige konfliksituasie is oor die algemeen swak beantwoord.

Vraag 5

Die meeste kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, het reg daaraan laat geskied.

5.1 Die unieke kenmerke van godsdiensteis goed beantwoord.
5.2 Begrippe is goed beantwoord/\.
5.3 Kandidate kon goed onderskei tussen die tradisionele geneser (inyanga) en die waarsêer. Meer punte kon aan hierdie vraag toegeken gewees het.